Mei 2021
Jul 2021

VEK PE NOORD SEL-GEMEENTE

Geloof, Hoop, Liefde

Uitgawe
56

Die Visie van Ons Gemeente:

Mattheus 28:19 “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” Om ware dissipels van Jesus te wees. Dat elke lidmaat in ‘n lewende verhouding met Jesus sal wees en daardeur ander help om ook Jesus te ontmoet.

Missie

Om soos Jesus te wees.

Waardes

Johannes 3:16 “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Liefde wat prakties uitgeleef word.

Model

Handelinge 2:46 “En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet,” Sorg vind plaas deur betrokke te raak by ‘n Selbyeenkoms en dan word daar as geheel fees gevier in die eredienste.

Pastoor Dion, Meryll, Danzel en Meredith

Geliefdes in Christus

Ek groet elkeen van u in die mooi Naam van onse Here Jesus Christus.

Fil. 4:6 “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. “

Ek wil vertrou dat dit met jou en jou huis goed gaan.

Neem God op Sy beloftes en staan vas op Sy Woord vir oorwinning vir jou en jou huis. In Christus is jy meer as ‘n Oorwinnaar.

Vertrou op God se beloftes en maak dit jou eie. Hy bly getrou. Omstandighede verander maar Jesus bly altyd dieselfde.

Hy is die getroue God wat jou sal deurdra. Ek is baie dankbaar dat ons weer 250 mense by ons eredienste kan wees. Wees vrymoedig om die dienste by te woon, die veiligheids protokol word baie streng nagevolg en u gesondheid is vir my van groot belang.

Ek wil vertrou dat die kwartaal wat voorlê geseënd gaan wees.

Ek bid vir elkeen van u en mag dit met jou en jou huis goed gaan.

Groete in Christus

Pastoor Dion, Meryll, Danzel en Meredith

Gemeente Leraar PE Noord
Posbus 14055 - Suttonweg
Sidwell - Port Elizabeth - 6061
Tel: 041 453 1901/2 (k)
epos: info@penoordvek.co.za
webadres: www.penoordvek.co.za

WIC

Wandel in Christus – Walking in Christ

Ons Missie en Visie

Die Jeug se doel is om vir die kinders 'n wegbreuk van die gedrukte lewe te gee; om vir hulle 'n gemaklike omgewing te skep waar hulle net kan kom afblaas na 'n week van skool.

Dit is ook n geleentheid vir hulle om ander kinders beter te leer ken en menseverhoudings te bou.

Die belangrikste van alles; ons wil al die bogenoemde hê vir die kinders met God as die middelpunt van alles.

Ons is opgewonde om met julle te deel dat Jeug in die 2de Kwartaal weer gaan oop maak.

Na 'n baie lang verpligtende rus sien ons uit daarna om weer saam julle by die Huis van ons Vader bymekaar te kom.

As Jeugraad het ons gesamentlik besluit om op 07 Mei weer te heropen.
Let asb op die tye. Ons trek nou winter se kant toe en dit raak vroeg donker. Ons wil nie hê dat kinders voor of na die tyd moet staan en wag nie.

Tyd: 18:45 vir 19:00 tot 20:00
NB: Slegs Gr.7 tot Gr.12 of 12jr tot 18jr
Alle lof en eer kom aan ons Vader toe. Dankbaar vir Jesus se goedheid en genade dat Hy ons weer die geleentheid gee om oor Hom te kan leer.

Alle Covid-19 Protocol sal steeds in plek wees bv. maskers, social distancing en geen fisiese kontak. Vir enige inligting kan jul ook ons facebook web-blad besoek. "Like"dit en bly op hoogte van enige verwikkelinge.

https://web.facebook.com/groups/1594419360612547

Liefde Groete van die WIC Jeugraad

KINDERBEDIENING VEK-PE NOORD

Die tweede Kwartaal 2021 het aangebreek !!!
Ons sien uit daarna om al die kinders terug te verwelkom.
Let asseblief op dat "social distancing" nog steeds nagekom moet word.

WANT JESUS Sê

Matt 19:14 …**"Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder** om na **My** toe te kom nie, want die koningkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."

Aan al die kindertjies wat verjaar het en die wat nog gaan verjaar wil ons veelsgeluk sê.
Ons bid jul toe 'n jaar van Gesondheid, Vrede, Veiligheid, Voorspoed en Baie Liefde en mag elkeen n mooi jaar hê.

GEMEENTE-BLADSY

MOEDERSDAGDIENS

Sondag 9 Mei 2021 om 9h00

Bring u Moeders en Oumas saam na die Huis van die Here vir n onvergeetlike diens spesiaal vir hulle.

HEMELVAARTDIENS

U word hartlik uitgenooi om die Hemelvaartdiens op Donderdag, 13 Mei om 19h00 by te woon.

KERKKANTOOR

BANKBESONDERHEDE:

REKENING NAAM: VOLLE EVANGELIE KERK PE NOORD KERKRAAD

REKENING NOMMER: 1400940815

TAKKODE: 632005

BANK: ABSA

VERWYSING: JOU NAAM EN WAARVOOR INBETALING IS BV. TIENDE

Ek hoop dat dit nog goed gaan met u almal. U kwitansies tot die einde Maart asook die nuwe Kwartaalblad sal weer per e-pos uitgestuur word. Dit werk 100% goed so.

Stuur asseblief u e-pos adres indien u dit nog nie deurgegee het nie.

Indien u, u bydraes direk inbetaal, sit asb u naam by die verwysing dat ons weet vir die kwitansies is.

Baie dankie en 'n geseënde nuwe kwartaal.

Antoinette